

ST. SERAPION

21 MAART

(sterf c.370)

Hy staan ook bekend as Serapion van Arsinoë. Oorspronklik het hy saam met die heilige Antonius as monnik in die Egiptiese woestyn geleef. Ons weet St. Antonius het by sy dood 'n skaapvel aan hom en aan sy groot vriend die heilige Athanasius agtergelaat. Later sou Athanasius patriarg van Alexandrië word en Serapion die biskop van Thmuis in Benede-Egipte. Hy was ook tyd lank hoof van die beroemde kategese skool In Alexandrië. Hy was 'n briljante en geleerde skrywer wat etlike belangrike teologiese werke die lig laat sien het. Hy was ook 'n onvermoeide kampvegter vir die ware geloof teen die Ariaanse en ander dwaalleringe waarmee die Vroeë Kerk te kampe gehad het.